# Die Laaste Woord

## KOMMUNIKASIEKUNDE VIR DIE TOEKOMS VAN SUID-AFRIKA



*Prof. Pieter Fourie is uittredende president van SAKOMM en hoof van die Departement Kommunikasiekunde, Universiteit van Suid-Arika.*

Ek skryf nadat ek *Nedkor/Ou Mutual* se *Scenarios for the future of South Africa* bygewoon het. In opdrag van die bogenoemde maatskappye het 'n span vooraanstaande nasionale en internasionale ekonome, toekomskundiges en akademici 'n aantal scenarios oor die toekoms van Suid-Afrika uitgewerk. Die aanvanklike prentjie is bleek en mistroostig. Die boodskap is duidelik dat sou Suid-Afrika nie daarin slaag om in 'n kort tydjie sy ekonomiese, politieke en maatskaplike beleid en praktyke grondig te verander nie, is dit vir almal neusie verby.

Die eerste drie uur van die skyfie- en video-aanbieding, aaneengeskakel met die kommentaar en opsommings van dr. Chris van Wyk, laat 'n mens met gevoelens van wanhoop. Onderwerpe soos geweld, die hersosialisering en opheffing van die agtergeblewe gemeenskappe, behuising, elektrifisering, die landbou, die fabriekswese, ensovoorts, en die eise wat dit stel, word indringend behandel. Soos een van die internasionale deelnemers dit stel: slegs ekonomiese, maatskaplike en politieke wonderwerke kan verhoed dat Suid-Afrika 'n tweede Beiroet word.

In die laaste uur kom die span se *Change of gear scenario* aan die beurt. In weerwil van die haat en pyn in die Suid-Afrikaanse samelewing is daar nog onderlinge goedgesindheid en by die meerderheid die wil om dinge te laat uitwerk. Kortom, daar is hoop. Die enigste voorwaarde is 'n ratverandering wat inhou dat alle Suid-Afrikaners

- die ballas van apartheid, wat die land in 'n ekonomiese en maatskaplike moeras gedompel het, afskud;
- ophou om hulself, op watter gebied ookal, te isoleer en die vensters en deure oopmaak om letterlik en figuurlik vars lig en lug in te laat;
- moue oprol en elkeen op *sy/haar* gebied daadwerklik aan die werk spring.

Die onmiddellike effek van die aanbieding is 'n trompop konfrontasie met die vraag: wat kan ek doen? En vir die doeleindes van hierdie rubriek: wat kan die kommunikasiekundige en die Suider-Afrikaanse Kommunikasievereniging (SAKOMM) doen?



Reproduced by Sabinet Gateway under licence granted by the Publisher (dated 2010).

Die volgende is 'n voorstel:

Kommunikasiekundiges (dit is mense wat geskool is in kommunikasieteorie, kommunikasievaardighede en in die metodes vir die uitwys, uitpluis en oplossing van kommunikasieprobleme, of wat in 'n posisie is om die menigs en houdings van ander te rig, dit wil sê redakteurs, joernaliste, skakel- en reklamepraktisyns, bedryfsjoernaliste, ensovoorts) behoort uit hulle pad te gaan om

- gesindhede te verander,
- konsensus te bewerkstellig, en
- wedersydse vertroue onder mense te skep.

Die bydrae van die kommunikasiekunde en kommunikasiekundiges in hierdie verband kan die volgende wees:

- Om saam met ekonome, regsgeleerdes en sosioloë 'n veldtog wat afgestem is op die bereiking van gemeenskaplike ideale en waarby elkeen in Suid-Afrika op die langeduur kan baat, uit te werk en van stapel te stuur. Noem dit 'n reuse, gekoördineerde en volgehoue inligtings- en oorredingsveldtog om aan die reddingspogings van die ekonome en sosioloë lewe in die denke, drome en gemoedere van Suid-Afrikaners te gee.

- Om volskaal betrokke te raak by die gesprek oor hoe die media in die toekomstige Suid-Afrika behoort te lyk en om ons te beywer vir die uitbouing van mediavryheid, spreekvyheid en in die breë die reg om te kommunikeer.

- Om saam met die belanghebbende instansies te kyk hoe die media en in die besonder die openbare uitsaaiwese ("public broadcasting") beter vir opvoedkundige en ontwikkelingsdoeleindes benut kan word.

- Om in terme van gemeenskapsdiens betrokke te raak by gesondheidsveldtogte, landbouveldtogte, behuisingsveldtogte, ensovoorts, waar die kommunikasiekundige met sy/haar kennis 'n waardevolle bydrae met die uitwerk van inligtingsveldtogte- en oorredingsstrategieë kan speel.

Die voorafgaande geld betrokkenheid by die veranderende samelewing. Oor die vak self sou onder meer die volgende gedoen kan word:

- Om met die behoud van hoë akademiese standaarde en 'n sterk teoristiese en navorsingsgerigte insalg, die inhoude van ons leerplanne met die oog op die behoeftes van Suid-Afrika te ondersoek. Val die klem nie te veel op massakommunikasie, terwyl die behoefte in Suid-Afrika op die oomblik juis die aan interpersoonlike- en groepskommunikasie is nie?

- Om eie en die navorsing van nagraadse studente meer van toepassing te maak op Suid-Afrikaanse behoeftes.

In soverre dit SAKOMM aangaan, het ek tydens die pasafgelope kongres daarop gewys dat SAKOMM, met behoud van sy onafhanklikheid en akademiese doel soos geformuleer in die Grondwet, nouer skakeling en samewerking met beroepsverenigings moet aanknoop. Verder kan die seminare, waarmee die afgelope twee jaar begin is, uitgebrei word, en moet kontak met universiteite in Afrika gesoek word. Ook hiermee is daar reeds begin. Die oorspronklike doel met die seminare was om van SAKOMM nie net 'n "jaarkongresvereniging" te maak nie, maar om die akademiese gesprek deur die loop van die jaar aan die gang te hou



Reproduced by Sabinet Gateway under licence granted by the Publisher (dated 2010).

en lewe in die sogenaamde belangegroepe te blaas. Verder kan die seminare as 'n slypskool dien waar veral die jonger generasie dosente en navorsers hul werk krities behoort te bespreek met die oog op die skryf van artikels en die lewer van kongresreferate.

Laasgenoemde bly waarskynlik een van SAKOMM se grootste probleme. Daar is 'n ernstige gebrek aan die deelname van SAKOMM-lede aan die kongres. Die doel met die jaarkongres is om te besin oor die akademiese beoefening van die vak. Die bestuur moet egter jaarliks hoofsaaklik op mense uit die praktyk vir referate staatmaak. Van diepgaande akademiese besinning en kwaliteit kom daar dus weinig tydens die kongresse tereg. 'n Mens kan inderdaad vra of die twee of drie dae wat per jaar aan die kongres afgestaan word nie beter benut kan word met die lees van 'n paar stewige akademiese artikels in internasionale vaktydskrifte of 'n goeie boek nie.

Verder sou 'n mens wou sien dat SAKOMM se lidmaatskap uitgebrei word om ook lede van die praktyk en beroepsverenigings by SAKOMM se huidige en toekomstige werksaamhede betrokke te kry. Borgskappe vir nie net die kongres nie, maar ook vir die aanbieding van seminare, werkwinkels, 'n meer professionele nuusbrief en vir die tydskrifte, sal gevind moet word.

Die bedoeling met die voorafgaande is allermins om voorskriftelik op te tree. Dit gaan om die droom wat al die lede waarskynlik koester, naamlik om van SAKOMM 'n meer waardige vakvereniging waarby akademici, navorsers en die praktyk werklik kan baat, te maak. Om hierin te slaag is 'n taak wat nie net aan die bestuur opgedra kan word nie. Wat nodig is, is die daadwerklike betrokkenheid van elke lid. Sonder u bydrae in die vorm van referate, artikels, die bywoning van seminare en lesings, die ondersteuning van die kongres en die vorendag kom met inisiatiewe en 'n bereidwilligheid om dit uit te voer, kan die Vereniging nie bestaan nie. U kritiek is daar, maar werklike betrokkenheid en meelewing is nie na wense nie.

Ten slotte bedank ek u vir die geleentheid om vir twee jaar as president te kon dien en wens ek die nuwe bestuur voorspoed toe. 'n Ratverandering word vir die voortbestaan van Suid-Afrika voorgeskryf. Dieselfde geld vir SAKOMM. Dit is slegs moontlik met die lede se daadwerklike samewerking.



Reproduced by Sabinet Gateway under licence granted by the Publisher (dated 2010).